

Leesplan om Skrif binne een jaar deur te werk

Hebreeuse jaar 5786 / Sekulêre jare 2025-2026

Wanneer 'n gelowige in die enigste ware Skepper-Lewende YAH en navolger van Sy Seun, *Yeshua*, die *Torah* ontdek en die Weg van Waarheid begin stap, is daar verskeie maniere om meer van Vader se Karakter te leer ken namate Hom beter te kan dien. Die roete wat meeste mense volg is om die weeklikse *parashot* (*Torah*-gedeeltes) te bestudeer soos wetsgehoorsame (ortodokse) *Y'hudim* alreeds doen vir menige jare, selfs voor die geboorte van *Yeshua*. Alhoewel *Torah* deur meeste hoofstroom kerke verwaarloos is, sal dit nie veel help om nou slegs *Torah* te bestudeer en die res van Skrif te verwaarloos nie. Hierdie leesplan volg dus die standaard een-jaar *Torah* leessiklus waarin elke week opgebreek word in sewe *aliyot* (meervoud van *aliyah*, "om op te kom") en die *haftarah* (weggaan, verlaat) na die finale *aliyah* op *Shabbat*. Die res van Skrif word egter nooit aangeraak nie en dit is waar hierdie studieplan elke dag, behalwe *Shabbat* en YAH se afgesonderde feesdae, die res van Skrif aanpak. Selfs die Apostoliese Skrifte, verkeerdelik bekend as die "nuwe testament", word weekliks op *Shabbat* gekoppel aan die *Torah*-gedeelte. Sommige uitsonderings, waar ander teks ingebring word, word later verduidelik.

Hierdie is die tiende jaar waarin ons die voorreg het om hierdie leesplan te kan uitstuur. Vir die sesde keer het ons weereens die vier erkende indelings van Skrif behou, naamlik *Torah*¹, *Nevi'im*², *K'tuvim*³ en Apostoliese Skrifte⁴. Dit skep 'n meer gemaklike leesondervinding sodat die ernstige student meer tyd het om in-diepte studies te kan doen. Ons het ook leesstukke bygevoeg vir die `omer-telling wat begin op die dag van die waaioffer/wuifoffer.

Die datums heel links is tweeledig: die eerste kolom bevat die Hebreeuse (Skriftuurlike datum wat die dag en maand aandui (dag-maand) in ligblou; dit word gevolg deur die Gregoriese datum in swart, ter wille van kruisverwysing, aangesien ons tans wederregtelik verplig word om hierdie wêreldse stelsel te gebruik. Datums in rooi dui op *Shabbat* en wanneer *kursief* dui dit op feesdae.

Wanneer begin die nuwe Skriftuurlike jaar? YAH se jaar, wat Hy beveel het in *Sh'mot* 12:2, begin op die nuwemaan binne sowat 7 tot 12 dae voor of na ná die lente-ewening van die 'noorde'. Hier by ons in die 'suide' sal dit dus die herfs-ewening wees. Die maand wat begin met die nuwemaan rondom die lente-ewening (of herfs by ons), is dus maand een. In Skrif staan dit ook bekend as *Aviv*.

Terwyl daar baie onsekerhede is oor wanneer die nuwe maan plaasvind, stem ons nie saam met die algemene oortuiging dat die nuwe maand aanbreek met die eerste sigbare skrefie of flenter lig na donkermaan nie. Ons oortuiging is tans dat 'n nuwe maand aanbreek tydens die donkerste deel van die maan, dus met die sameloop of versmelting (Engels 'conjunction'), wanneer geen lig vanuit die maan sigbaar is nie en hernuwing plaasvind. Deur waar te neem hoe die maan afneem, is dit makliker om te bepaal wanneer volledige donkerheid sal plaasvind, as om te raai wanneer die eerste skrefie sal verskyn. Skrif leer ons geensins dat 'n nuwe maand deur die eerste skrefie lig op die maan aangedui word nie⁵:

-
- 1 Die woord '*Torah*' is jare gelede alreeds verkeerdelik vertaal as 'wet', maar beteken na regte 'instruksies' of 'reëls'. Dit behels die eerste vyf boeke van Skrif, ook bekend as die Pentateug, boeke toegeskryf aan *Mosheh*.
 - 2 *Nevi'im* is die meervoud van '*navi*', die Hebreeuse woord wat vertaal as 'profeet'.
 - 3 *K'tuvim* is die Hebreeus vir 'geskrifte', wat alle poëtiese boeke van Skrif insluit, soos *Tehilim*, *Mishle* en dies meer, boeke wat nie onder *Torah* of *Nevi'im* sorteer nie.
 - 4 Ons verkies hierdie term in stede van die verkeerde benaming van "nuwe testament". Skrif is een handleiding en behoort na regte nie verdeel te word nie. Dit veroorsaak ook verdeling in die Liggaam van ons Messias en Vader se Koningskap.
 - 5 Hierdie aanhaling is saamgestel deur gekunstelde begrip.

“The Bible does not explicitly state that a new month starts with the first sliver of the moon, but the Hebrew word for month, ‘Hodesh’ [חֹדֶשׁ (*Gô-desh*), is closely related to the New Moon. Some interpretations suggest that the New Moon is marked by the first visible crescent, as indicated in Exodus 12:2, where God instructs Moses about the beginning of months.”

Uit bogenoemde aanhaling, wat ook verwys na ander bronne, is dit duidelik dat aannames gemaak is deur rabbyne wysgere sonder die bevestiging in Skrif. Die woord *chodesh* verwys na die “nuwe maan” en impliseer ook ‘maand’, vanwaar laasgenoemde afkomstig is. Daar word egter geensins melding gemaak van skrefie of flenter in enige vertaling nie – selfs king Jimmy. Ons mag onself dus nie die reg toeëien om iets in Skrif te plaas (isogese – inleeskunde) wat nie daar is nie (cf. *D’varim* 4:2; 12:32; *Mishle* 30:6; Openbaring 22:18-19; *Mattityahu* 5:17-19). Alhoewel daar baie argumente bestaan wat die skrefie of flenter van die maan as die ‘nuwe’ maan sou sien, volstaan ons vir eers by ons oortuiging. Dit is jammer dat baie mense hulself skaar by mensgemaakte reëls en vertolkings sonder grondige oortuiging, eerder as om die antwoord in Skrif te soek. Soos met vele ander dinge, sal daar altyd meningsverskille wees.

Skepping het tydens donker begin en *YAH* het die eerste lig gemaak (cf. *B’reisheet* 1:3), vanwaar die res daarna ontstaan het en geskep is. 'n Embrio is in die donker tydens 'n vrou se swangerskap en sien eers lig nadat volledige groei plaasgevind het. 'n Nuwe dag begin nadat die son gesak het, in die bykans donker, derhalwe sal 'n nuwe maan ook donker wees. Ons wil egter net die versekering gee dat hierdie persoonlike oortuiging is en op niemand afgedwing word nie. Elke persoon het die reg om van ander te verskil. Dit gaan ook nie enige voordeel of nadeel inhou vir ons verlossing nie. Meer inligting is beskikbaar in die artikel *YAH* se Kalender wat tans hersien en binnekort beskikbaar gemaak sal word.

'n Volledige, kleurvolle jaarkalender van veertien of vyftien maande word jaarliks uitgestuur aan belangstellendes. Die kalender is ingedeel volgens die reëls soos hier bo genoem en begin by die eerste maand van Skrif, nie die sewende nie, soos in die geval van Rabbyne Judaïsme. Die laaste maand van die vorige jaar en die eerste maand van die volgende jaar oorvleuel bloot vir kontinuïteit. Die kalender bevat elke week se *Torah*-gedeeltes, afgesonderde feesdae, waarvan sommige as *Shabbat* beskou word, asook verskeie ander inligting wat belangrik of interessant mag wees. Dit is ook beskikbaar op ons webblad, [Silwer Trompet](#).

Gelowiges wat die Rabbiniese kalender navolg, sal besef dat sommige feesdae dalk nie ooreenstem met hulle kalender nie, aangesien hulle die kalender van *Hillel* II gebruik wat wiskundig vooraf uitgewerk word op 'n 19-jaar siklus en nie noodwendig streng volgens Skrif werk nie. Terwyl ons dan met respek sal verskil van ons broer, *Y’hudah*, verkies ons om eerder van mense te verskil as ons Skepper-*YAH*. Verskeie leringe rondom die bepaling van feesdae is beskikbaar op aanvraag. Hierdie uitgangspunt beteken nie dat ons nie ander mense se menings in ag neem of dink dat ons in alles korrek is nie. Intendeel, ons sal graag die mening van ander aanhoor terwyl dit uit Skrif gestaaf word.

Ons stel twee leesplanne beskikbaar: een met die oorspronklike ‘ou’ Afrikaanse name, sowel een met die (herstelde) Hebreeuse benamings. Meeste van die name in hierdie leesplan is voor die hand liggend, maar vir diegene wat nie vertrou is met die Hebreeuse benamings of nie 'n PWL⁶-vertaling het nie:

B’reisheet = Genesis, *Sh’mot* = Eksodus, *Vayiqra* = Levitikus, *B’midbar* = Numeri, *D’varim* = Deuteronomium, *Shof’tim* = Rigters, *M’lakhim* = Konings, *Tz’fanyah* = Sefanja, *Mizmor* = Psalm (enkelvoud), *Tehilim* = Psalms (die hele boek), *Mishlei* = Spreuke, *Shir-HaShirim* (Lied van Liedere) = Hooglied, *Eikhah* = Klaagliedere,

6 Benamings kom uit die PWL-vertaling, Pad van die Waarheid. 'n Gedrukte weergawe is verkrygbaar direk vanaf ons bediening, of by die vertaler, Gerrie Coetzee: gerrie@padwlewe.org.za, 0743612134. Die webblad: <https://www.padwlewe.org.za/PWLTuis.html>

Qohelet = Prediker, *Divrei-HaYamim* = Kronieke, *Mattityahu* = Mattheus, *Yochanan* = Johannes, *Kefa* = Petrus, *Y'hudah* = Judas. Skakel gerus met ons vir 'n gratis eksemplaar van die PWL of indien enige onduidelikhede ondervind word.

Sommige lesers mag agterkom dat die volgorde van die boeke verskil van dié waaraan ons gewoon geraak het, omdat hierdie volgorde soos die oorspronklike Hebreeuse boeke ingedeel is, voordat Jerome dit verander het met sy Latin Vulgate Bible. Meer inligting is beskikbaar by <http://www.cogwriter.com/original-bible-order.htm>

Vir enige persoon wat 'n vars perspektief geniet, wil ons graag die volgende twee vertalings aanbeveel: in Afrikaans, die PWL (Die Weg van Waarheid tot die Lewe), waarvan besonderhede beskikbaar is op die vorige bladsy. In Engels, The Scriptures wat deur Dr Chris Koster vertaal is. Hierdie weergawe is ongelukkig nie gratis nie maar kan aanlyn bestel word⁷. Beide hierdie vertalings bevat al die herstelde Hebreeuse name asook onskatbare inligting rondom *YAH* se afgesonderde feestye. Albei vertalings is ook beskikbaar as elektroniese weergawes vir theWord (www.theword.net), 'n gratis toepassing vir Windows rekenaars en sekerlik tans die beste beskikbaar. Ons stel ook elke week se leesstukke beskikbaar vir theWord in zip-formaat en is op versoek beskikbaar, saam met aanwysings om dit te installeer.

Geglimde teks is om die nuwe maand aan te dui (cf. *Mizmor* 81:3).

Groen teks word gebruik om nie-Skriftuurlike feeste aan te dui wat sekere waarde mag hê, maar baie versigtig benader moet word. Lees asseblief die verduideliking teen die einde baie sorgvuldig.

Rooi teks word gebruik om *Shabbat* aan te toon, beide weeklikse en spesiale *Shabbatot* tydens afgesonderde feeste. Sommige mense mag dalk nie 'n kleurdrukker of elektroniese toestel met kleur hê nie, daarom stel ons voor dat die ligter (rooi) teks met 'n kleur glimpen ('highlighter') aangeteken word.

Alle *kursiewe teks* op die studieplan is leesstukke vir spesifieke afgesonderde feeste gedurende die sekulêre jare 2025/2026:

- 🏆 *Pesach* is van sononder 31 maart tot sononder 1 april en is slegs 'n voorbereidingsdag, soortgelyk aan dag 6 (vrydag), 'n gewone werksdag en nie *Shabbat* nie (cf. *Vayiqra* 23:5)
- 🏆 Die eerste dag van **Ongesuurde Brood** is vanaf sononder 1 april tot sononder 2 april en word as ***Shabbat*** beskou (cf. *Vayiqra* 23:7)
- 🏆 Waaioffer begin op sononder 4 april tot sononder 5 april (cf. *Vayiqra* 23:11); dit is ook die dag waarop die `omer-telling begin (cf. *Vayiqra* 23:15), maar omdat dagwisseling alreeds plaasvind met sononder, begin die `omer-telling alreeds op die aand van 4 april, **na** sononder
- 🏆 Vanaf sononder 7 april tot sononder 8 april is die **einde van *Pesach*/Ongesuurde Brood** en word weereens as ***Shabbat*** beskou (cf. *Vayiqra* 23:8b)
- 🏆 ***Shavu'ot*** is vanaf sononder 23 mei tot sononder 24 mei en word as ***Shabbat*** beskou (cf. *Vayiqra* 23:21)
- 🏆 ***Yom T'ruah*** is vanaf sononder 10 september tot sononder 11 september en word as ***Shabbat*** beskou (cf. *Vayiqra* 23:24-25)
- 🏆 ***Yom Kippur*** is vanaf sononder 19 september tot sononder 20 september en is ***Shabbat*** (cf. *Vayiqra* 23:26-32)
- 🏆 ***Sucot*** vind plaas vanaf sononder 24 september tot sononder 1 oktober (cf. *Vayiqra* 23:34-43). Die eerste dag word as ***Shabbat*** beskou. Met die uitsondering van die weeklikse ***Shabbat***, is die

7 <https://www.qodesh.co.za/collections/bibles-and-reference-material-6>

ander dae tussenin normale dae, tot en met die einde van die afgesonderde fees op sononder 1 oktober

- 🥂 **Simchat Torah** is van sononder 1 oktober tot sononder 2 oktober, saam met **Sh'mini atzeret**. Hierdie woord vertaal as “agste byeenkoms” Alhoewel hierdie feesdag deel is van die afgesonderde feeste, lees ons eers later daarvan in *Vayiqra* 23:26. Dit is 'n blye gebaar van dankbaarheid waarop die ou *Torah*-kringloop afgesluit en die nuwe *Torah*-kringloop begroet word. Die laaste *Torah*-gedeelte, *V'zot haBrachah* (hierdie is die seën) word gewoonlik gedurende die week van hierdie afgesonderde fees gelees.

Die boek *Rut* word tradisioneel tydens **Shavu'ot** gelees en derhalwe so aangedui in kursiewe skrif. Vir hierdie rede word die boek van *Qohelet* (Prediker) onderbreek. Alhoewel **Purim** nie 'n Skriftuurlike fees is nie, is dit gebruikelik om die boek van *Ester* gedurende hierdie tyd te lees. Derhalwe word die boek *Mishlei* (Spreuken) onderbreek gedurende hierdie tydperk. Twee feeste word nie in Skrif genoem nie en is derhalwe nie verpligtend vir nie-Y'hudim om te vier nie:

- 🥂 **Purim** gedurende die Hebreeuse maand van *Adar* of *VeAdar* (ook *Adar II*, gewoonlik maart/april)
- 🥂 **Chanukah**, die fees van hertoewyding, gedurende die Hebreeuse maand van *Kislev* (gewoonlik november/desember)

Sou iemand egter die behoefte ervaar om op enige wyse hierdie feeste mee te maak, bestudeer asseblief sorgvuldig die oorsprong en gebruike rondom hierdie feeste om te verseker dat een heidense tradisie (kersfees *et al*) nie verruil word vir ander heidense tradisies nie, onskriftuurlike Joodse feeste ingesluit.

<https://silvertrumpet.net/wp-content/uploads/2025/09/StudieFeeste.12Purim-hersien.pdf>

<https://silvertrumpet.net/wp-content/uploads/2025/09/StudieFeeste.13Hanukkah.pdf>

<https://www.119ministries.com/teachings/video-teachings/detail/moedim-hanukkah/>,

<https://www.119ministries.com/teachings/video-teachings/detail/hoseas-christmas-tree/>,

<https://messianicapologetics.net/faq/Christmas.pdf>,

Tydens sommige afgesonderde feeste word volledige hoofstukke van verskeie boeke gelees. Wanneer dit dus lyk asof sommige hoofstukke uit die studieplan weggelaat is, sal dit onder die afgesonderde feeste se leesstukke gevind word. Dit sluit veral in die laaste hoofstukke van die vier *b'sorot* (evangelies) asook sekere van die profete. Ten einde alles in te pas, mag sekere profete dalk onder die opskrif van *Torah* gevind word. Hierdie is uitsonderlik en bloot so geplaas om die lys te orden en nie onnodige plek op te neem nie.

Sommige benamings mag verskil met dit wat ander skrywers gebruik. Ons maak slegs gebruik van fonetiese teksuitlegging direk vanuit Hebreeus na Afrikaans, derhalwe sal ons byvoorbeeld die laaste fees, *Sucot*, op hierdie manier spel en nie *Sukkot* soos baie ander skrywers en instansies dit spel nie. Dit is in lyn met riglyne in “The SBL handbook of style”.

Terwyl alle voorsorg getref is teen foute, mag klein menslike probleme ingesluip het. Moet asseblief nie huiwer om ons te laat weet indien foute op die leesplan gevind word – spelfoute, datums en dies meer – sodat ons dit in volgende uitgawes kan regmaak. Indien enige skakels nie werk nie, stel ons asseblief so gou moontlik in kennis.

Mag elke persoon wat hierdie leesplan gebruik geseënd wees om in die volheid en blydschap van Vader se Woord te baljaar en terselfdertyd leer om meer sorgvuldig in die voetspore van ons Messias, *Yeshua*, te wandel.

Hein Zentgraf

theway146@silvertrumpet.net

Elul 5785 / September 2025

Skriftuurlik	Datum	Gregories	Torah	Profete	Geskifte	Apostoliese Geskrifte
1 B'reisheet (In [die] begin) / Sh'mini atzeret (Agste Dag) – 20-26 Etanim 5786 (12-18 October 2025)						
20-7	12 October 2025	Genesis 1:1-2:3		Joshua 2:1-24	Psalm 1:1-2:12	Matthew 1:1-25
21-7	13 October 2025	Genesis 2:4-3:21		Joshua 3:1-17	Psalm 3:1-4:8	Matthew 2:1-23
22-7	14 October 2025	Deuteronomy 14:22-16:17		1 Kings 8:54-66		
Simchat Torah/Sh'mini atzeret Numbers 29:35-30:1						
23-7	15 October 2025	Genesis 3:22-4:18		Joshua 4:1-24	Psalm 5:1-6:10	Matthew 3:1-17
24-7	16 October 2025	Genesis 4:19-26		Joshua 5:1-15	Psalm 7:1-8:9	Matthew 4:1-25
25-7	17 October 2025	Genesis 5:1-24		Joshua 6:1-27	Psalm 9:1-20	Matthew 5:1-26
26-7	18 October 2025	Genesis 5:24-6:8		Isaiah 42:5-43:10		John 1:1-18
2 Noach (Noag) – 27 Eitanim-4 Bul 5786 (19-25 Oktober 2025)						
27-7	19 Oktober 2025	Genesis 6:9-22		Josua 9:1-27	Psalm 12:1-14:7	Mattheus 5:27-48
28-7	20 Oktober 2025	Genesis 7:1-16		Josua 10:1-43	Psalm 15:1-16:11	Mattheus 6:1-34
29-7	21 Oktober 2025	Genesis 7:17-8:14		Josua 11:1-23	Psalm 17:1-15	Mattheus 7:1-29
1-8	22 Oktober 2025	Genesis 8:15-9:7		Josua 12:1-24	Psalm 18:1-24	Mattheus 8:1-34
2-8	23 Oktober 2025	Genesis 9:8-17		Josua 13:1-33	Psalm 18:25-50	Mattheus 9:1-38
3-8	24 Oktober 2025	Genesis 9:18-10:32		Josua 14:1-15:20	Psalm 19:1-14	Mattheus 10:1-42
4-8	25 Oktober 2025	Genesis 11:1-32		Jesaja 52:13-55:5		Handelinge 2:1-16
3 Lech I'cha (Gaan jy uit!) – 5-11 Bul 5786 (26 Oktober-1 November 2025)						
5-8	26 Oktober 2025	Genesis 12:1-13		Josua 15:21-63	Psalm 20:1-21:13	Mattheus 11:1-30
6-8	27 Oktober 2025	Genesis 12:14-13:4		Josua 16:1-17:18	Psalm 22:1-31	Mattheus 12:1-23
7-8	28 Oktober 2025	Genesis 13:5-18		Josua 18:1-28	Psalm 23:1-24:10	Mattheus 12:24-50
8-8	29 Oktober 2025	Genesis 14:1-20		Josua 19:1-39	Psalm 25:1-22	Mattheus 13:1-30
9-8	30 Oktober 2025	Genesis 14:21-15:6		Josua 19:40-20:9	Psalm 26:1-27:14	Mattheus 13:31-58
10-8	31 Oktober 2025	Genesis 15:7-17:6		Josua 21:1-45	Psalm 28:1-29:11	Mattheus 14:1-36
11-8	1 November 2025	Genesis 17:7-27		Jesaja 40:27-41:16		Romeine 3:19-5:6
4 Vayera (Hy het homself openbaar) – 12-18 Bul 5786 (2-8 November 2025)						
12-8	2 November 2025	Genesis 18:1-14		Josua 22:1-34	Psalm 30:1-31:24	Mattheus 15:1-39
13-8	3 November 2025	Genesis 18:15-33		Josua 23:1-16	Psalm 32:1-33:22	Mattheus 16:1-28
14-8	4 November 2025	Genesis 19:1-20		Josua 24:1-33	Psalm 34:1-22	Mattheus 17:1-27
15-8	5 November 2025	Genesis 19:21-21:4		Rigters 1:1-36	Psalm 35:1-28	Mattheus 18:1-35
16-8	6 November 2025	Genesis 21:5-21		Rigters 2:1-23	Psalm 36:1-37:6	Mattheus 19:1-30
17-8	7 November 2025	Genesis 21:22-34		Rigters 3:1-31	Psalm 37:7-40	Mattheus 20:1-34
18-8	8 November 2025	Genesis 22:1-24		2 Konings 4:1-37		Jakobus 2:14-24
5 Chayei Sarah (Lewe van Sarah) – 19-25 Bul 5786 (9-14 November 2025)						
19-8	9 November 2025	Genesis 23:1-16		Rigters 4:1-24	Psalm 38:1-39:13	Mattheus 21:1-22
20-8	10 November 2025	Genesis 23:17-24:9		Rigters 5:1-31	Psalm 40:1-41:13	Mattheus 21:23-46
21-8	11 November 2025	Genesis 24:10-26		Rigters 6:1-40	Psalm 42:1-43:5	Mattheus 22:1-46
22-8	12 November 2025	Genesis 24:27-52		Rigters 7:1-25	Psalm 44:1-45:17	Mattheus 23:1-39
23-8	13 November 2025	Genesis 24:53-67		Rigters 8:1-35	Psalm 46:1-47:9	Mattheus 25:1-46
24-8	14 November 2025	Genesis 25:1-11		Rigters 9:1-41	Psalm 48:1-49:20	Markus 1:1-22
25-8	15 November 2025	Genesis 25:12-18		1 Konings 1:1-31		Lukas 9:57-62
6 Toldot (Geskiedenis) – 26 Bul-2 Kislev 5786 (16-22 November 2025)						
26-8	16 November 2025	Genesis 25:19-26:5		Rigters 9:42-10:18	Psalm 50:1-51:19	Markus 1:23-45
27-8	17 November 2025	Genesis 26:6-12		Rigters 11:1-40	Psalm 52:1-54:7	Markus 2:1-28
28-8	18 November 2025	Genesis 26:13-22		Rigters 12:1-13:25	Psalm 55:1-56:13	Markus 3:1-35
29-8	19 November 2025	Genesis 26:23-29		Rigters 14:1-15:20	Psalm 57:1-58:11	Markus 4:1-41
30-8	20 November 2025	Genesis 26:30-27:29		Rigters 16:1-31	Psalm 59:1-60:12	Markus 5:1-20
1-9	21 November 2025	Genesis 27:30-28:4		Rigters 17:1-18:31	Psalm 61:1-63:11	Markus 5:21-43
2-9	22 November 2025	Genesis 28:5-9		Maleági 1:1-2:9		Romeine 9:6-16
7 Vayetze (Hy het vertrek) – 3-9 Kislev 5786 (23-29 November 2025)						
3-9	23 November 2025	Genesis 28:10-22		Rigters 19:1-30	Psalm 64:1-65:13	Markus 6:1-29
4-9	24 November 2025	Genesis 29:1-17		Rigters 20:1-48	Psalm 66:1-67:7	Markus 6:30-56
5-9	25 November 2025	Genesis 29:18-30:13		Rigters 21:1-25	Psalm 68:1-35	Markus 7:1-37
6-9	26 November 2025	Genesis 30:14-27		1 Samuel 1:1-28	Psalm 69:1-36	Markus 8:1-38
7-9	27 November 2025	Genesis 30:28-31:16		1 Samuel 2:1-36	Psalm 70:1-71:24	Markus 9:1-29
8-9	28 November 2025	Genesis 31:17-42		1 Samuel 3:1-4:22	Psalm 72:1-73:28	Markus 9:30-50
9-9	29 November 2025	Genesis 31:43-32:2		Hoséa 12:12-14:9		Johannes 1:43-51
8 Vayishlach (Hy het gestuur) – 10-16 Kislev 5786 (30 November-6 Desember 2025)						
10-9	30 November 2025	Genesis 32:3-12		1 Samuel 5:1-6:21	Psalm 74:1-75:10	Markus 10:1-27
11-9	1 Desember 2025	Genesis 32:13-29		1 Samuel 7:1-8:22	Psalm 76:1-77:20	Markus 10:28-52
12-9	2 Desember 2025	Genesis 32:30-33:5		1 Samuel 9:1-27	Psalm 78:1-37	Markus 11:1-33
13-9	3 Desember 2025	Genesis 33:6-20		1 Samuel 10:1-27	Psalm 78:38-72	Markus 12:1-44
14-9	4 Desember 2025	Genesis 34:1-35:13		1 Samuel 11:1-12:25	Psalm 79:1-80:19	Markus 13:1-37
15-9	5 Desember 2025	Genesis 35:14-36:19		1 Samuel 13:1-14:23	Psalm 81:1-82:8	Lukas 1:1-25
16-9	6 Desember 2025	Genesis 36:20-43		Hoséa 11:7-12:11		Openbaring 7:1-12

Skriftuurlik	Gregories	Torah	Profete	Geskifte	Apostoliese Geskrifte
9 Vayeshev (Hy het gebly) – 17-23 Kis/lev 5786 (7-13 Desember 2025)					
17-9	7 Desember 2025	Genesis 37:1-11	1 Samuel 14:24-52	Psalm 83:1-84:12	Lukas 1:26-56
18-9	8 Desember 2025	Genesis 37:12-22	1 Samuel 15:1-35	Psalm 85:1-86:17	Lukas 1:57-80
19-9	9 Desember 2025	Genesis 37:23-36	1 Samuel 16:1-23	Psalm 87:1-88:18	Lukas 2:1-24
20-9	10 Desember 2025	Genesis 38:1-30	1 Samuel 17:1-37	Psalm 89:1-26	Lukas 2:25-52
21-9	11 Desember 2025	Genesis 39:1-6	1 Samuel 17:38-58	Psalm 89:27-52	Lukas 3:1-38
22-9	12 Desember 2025	Genesis 39:7-23	1 Samuel 18:1-30	Psalm 90:1-91:16	Lukas 4:1-44
23-9	13 Desember 2025	Genesis 40:1-23	Amos 2:6-3:8		Handelinge 7:9-16 (9-10)
10 Miqetz (Na verloop van) – 24-30 Kis/lev 5786 (14-20 Desember 2025) (insluitend Chanukah)					
24-9	14 Desember 2025	Genesis 41:1-14	1 Samuel 19:1-24	Psalm 92:1-93:5	Lukas 5:1-39
25-9	15 Desember 2025	Genesis 41:15-38	1 Samuel 20:1-42	Psalm 94:1-23	Lukas 6:1-49
26-9	16 Desember 2025	Genesis 41:39-52	1 Samuel 21:1-22:23	Psalm 95:1-96:13	Lukas 7:1-23
27-9	17 Desember 2025	Genesis 41:53-42:18	1 Samuel 23:1-24:22	Psalm 97:1-98:9	Lukas 7:24-50
28-9	18 Desember 2025	Genesis 42:19-43:15	1 Samuel 25:1-44	Psalm 99:1-101:8	Lukas 8:1-25
29-9	19 Desember 2025	Genesis 43:16-29	1 Samuel 26:1-27:12	Psalm 102:1-28	Lukas 8:26-56
30-9	20 Desember 2025	Genesis 43:30-44:17	1 Konings 3:15-4:1		Handelinge 7:9-16 (11-12) 1 Korinthiërs 2:1-5
11 Vayigash (Toe kom hy nader) – 1-7 Tevet 5786 (21-27 Desember 2025) (insluitend Chanukah)					
1-10	21 Desember 2025	Genesis 44:18-30	1 Samuel 28:1-29:11	Psalm 103:1-22	Lukas 9:1-36
2-10	22 Desember 2025	Genesis 44:31-45:7	1 Samuel 30:1-31:13	Psalm 104:1-35	Lukas 9:37-62
3-10	23 Desember 2025	Genesis 45:8-18	2 Samuel 1:1-27	Psalm 105:1-22	Lukas 10:1-22
4-10	24 Desember 2025	Genesis 45:19-27	2 Samuel 2:1-32	Psalm 105:23-45	Lukas 10:23-42
5-10	25 Desember 2025	Genesis 45:28-46:27	2 Samuel 3:1-39	Psalm 106:1-23	Lukas 11:1-26
6-10	26 Desember 2025	Genesis 46:28-47:10	2 Samuel 4:1-5:25	Psalm 106:24-48	Lukas 11:27-54
7-10	27 Desember 2025	Genesis 47:11-27	Esegiël 37:15-28		Handelinge 7:9-16 (13-15) Lukas 6:9-16
12 Vayechi (Hy het gelewe) – 8-14 Tevet 5786 (28 Desember 2025-3 Januarie 2026)					
8-10	28 Desember 2025	Genesis 47:28-48:9	2 Samuel 6:1-23	Psalm 107:1-22	Lukas 12:1-28
9-10	29 Desember 2025	Genesis 48:10-16	2 Samuel 7:1-29	Psalm 107:23-43	Lukas 12:29-59
10-10	30 Desember 2025	Genesis 48:17-22	2 Samuel 8:1-9:13	Psalm 108:1-109:31	Lukas 13:1-35
11-10	31 Desember 2025	Genesis 49:1-18	2 Samuel 10:1-19	Psalm 110:1-111:10	Lukas 14:1-35
12-10	1 Januarie 2026	Genesis 49:19-26	2 Samuel 11:1-27	Psalm 112:1-114:8	Lukas 15:1-32
13-10	2 Januarie 2026	Genesis 49:27-50:20	2 Samuel 12:1-31	Psalm 115:1-18	Lukas 16:1-31
14-10	3 Januarie 2026	Genesis 50:21-26	1 Konings 2:1-12		Handelinge 7:9-16 (15-16) 1 Petrus 1:3-9
13 Sh'mot (Name) – 15-21 Tevet 5786 (4-10 Januarie 2026)					
15-10	4 Januarie 2026	Eksodus 1:1-17	2 Samuel 13:1-39	Psalm 116:1-117:2	Lukas 17:1-37
16-10	5 Januarie 2026	Eksodus 1:18-2:10	2 Samuel 14:1-33	Psalm 118:1-29	Lukas 18:1-43
17-10	6 Januarie 2026	Eksodus 2:11-25	2 Samuel 15:1-37	Psalm 119:1-16	Lukas 19:1-48
18-10	7 Januarie 2026	Eksodus 3:1-15	2 Samuel 16:1-23	Psalm 119:17-32	Lukas 20:1-47
19-10	8 Januarie 2026	Eksodus 3:16-4:17	2 Samuel 17:1-29	Psalm 119:33-48	Lukas 21:1-38
20-10	9 Januarie 2026	Eksodus 4:18-31	2 Samuel 18:1-33	Psalm 119:49-64	Johannes 1:1-28
21-10	10 Januarie 2026	Eksodus 5:1-6:1	Jesaja 27:6-28:13 Jesaja 29:22-23		Lukas 20:27-44
14 Va'Era (Ek het verskyn) – 22-28 Tevet 5786 (11-17 Januarie 2026)					
22-10	11 Januarie 2026	Eksodus 6:2-13	2 Samuel 19:1-23	Psalm 119:65-80	Johannes 1:29-51
23-10	12 Januarie 2026	Eksodus 6:14-28	2 Samuel 19:24-43	Psalm 119:81-96	Johannes 2:1-25
24-10	13 Januarie 2026	Eksodus 6:29-7:7	2 Samuel 20:1-26	Psalm 119:97-112	Johannes 3:1-36
25-10	14 Januarie 2026	Eksodus 7:8-8:6	2 Samuel 21:1-22	Psalm 119:113-128	Johannes 4:1-26
26-10	15 Januarie 2026	Eksodus 8:7-18	2 Samuel 23:1-39	Psalm 119:129-144	Johannes 4:27-54
27-10	16 Januarie 2026	Eksodus 8:19-9:16	2 Samuel 24:1-25	Psalm 119:145-160	Johannes 5:1-47
28-10	17 Januarie 2026	Eksodus 9:17-35	Esegiël 28:25-29:21		2 Korinthiërs 6:14-7:1
15 Bo (Gaan) – 29 Tevet-6 Sh'van 5786 (18-24 Januarie 2026)					
29-10	18 Januarie 2026	Eksodus 10:1-11	1 Konings 1:1-27	Psalm 119:161-176	Johannes 6:1-31
1-11	19 Januarie 2026	Eksodus 10:12-23	1 Konings 1:28-53	Psalm 120:1-122:9	Johannes 6:32-71
2-11	20 Januarie 2026	Eksodus 10:24-11:3	1 Konings 2:1-25	Psalm 123:1-126:6	Johannes 8:1-20
3-11	21 Januarie 2026	Eksodus 11:4-12:20	1 Konings 2:26-46	Psalm 127:1-130:8	Johannes 8:21-41
4-11	22 Januarie 2026	Eksodus 12:21-28	1 Konings 3:1-28	Psalm 131:1-133:18	Johannes 8:42-59
5-11	23 Januarie 2026	Eksodus 12:29-51	1 Konings 4:1-34	Psalm 134:1-135:21	Johannes 9:1-19
6-11	24 Januarie 2026	Eksodus 13:1-16	Jeremia 46:13-28		Openbaring 16:1-21
16 B'shalach (Toe hy hulle laat gaan) – 7-13 Sh'van 5786 (25-31 Januarie 2026)					
7-11	25 Januarie 2026	Eksodus 13:17-14:8	1 Konings 5:1-18	Psalm 136:1-26	Johannes 9:20-41
8-11	26 Januarie 2026	Eksodus 14:9-14	1 Konings 6:1-38	Psalm 137:1-138:8	Johannes 10:1-21
9-11	27 Januarie 2026	Eksodus 14:15-25	1 Konings 7:1-26	Psalm 139:1-24	Johannes 10:22-42
10-11	28 Januarie 2026	Eksodus 14:26-15:26	1 Konings 7:27-51	Psalm 140:1-141:10	Johannes 11:1-20
11-11	29 Januarie 2026	Eksodus 15:27-16:10	1 Konings 8:1-21	Psalm 142:1-143:12	Johannes 11:21-37
12-11	30 Januarie 2026	Eksodus 16:11-36	1 Konings 8:22-43	Psalm 144:1-15	Johannes 11:38-57
13-11	31 Januarie 2026	Eksodus 17:1-16	Rigters 4:4-5:31		1 Korinthiërs 10:1-13

Skriftuurlik	Gregories	Torah	Profete	Geskifte	Apostoliese Geskrifte
17 Yitro (Jetro) – 14-20 Sh'van 5786 (1-7 Februarie 2026)					
14-11	1 Februarie 2026	Eksodus 18:1-12	1 Konings 8:44-66	Psalm 145:1-21	Johannes 12:1-22
15-11	2 Februarie 2026	Eksodus 18:13-23	1 Konings 9:1-28	Psalm 146:1-10	Johannes 12:23-50
16-11	3 Februarie 2026	Eksodus 18:24-27	1 Konings 10:1-29	Psalm 147:1-20	Handelinge 1:1-26
17-11	4 Februarie 2026	Eksodus 19:1-6	1 Konings 11:1-25	Psalm 148:1-14	Handelinge 2:1-21
18-11	5 Februarie 2026	Eksodus 19:7-19	1 Konings 11:26-43	Psalm 149:1-150:6	Handelinge 2:22-47
19-11	6 Februarie 2026	Eksodus 19:20-20:17	1 Konings 12:1-33	Spreuke 1:1-33	Handelinge 3:1-26
20-11	7 Februarie 2026	Eksodus 20:18-26	Jesaja 6:1-7:6 Jesaja 9:6-7		1 Timótheüs 3:1-14 Jakobus 2:8-13
18 Mishpatim (Regsuitsprake) – 21-27 Sh'van 5786 (8-14 Februarie 2026)					
21-11	8 Februarie 2026	Eksodus 21:1-19	1 Konings 13:1-34	Spreuke 2:1-22	Handelinge 4:1-22
22-11	9 Februarie 2026	Eksodus 21:20-22:4	1 Konings 14:1-31	Spreuke 3:1-35	Handelinge 4:23-37
23-11	10 Februarie 2026	Eksodus 22:5-27	1 Konings 15:1-34	Spreuke 4:1-27	Handelinge 5:1-20
24-11	11 Februarie 2026	Eksodus 22:28-23:5	1 Konings 16:1-34	Spreuke 5:1-23	Handelinge 5:21-42
25-11	12 Februarie 2026	Eksodus 23:6-19	1 Konings 17:1-24	Spreuke 6:1-35	Handelinge 6:1-15
26-11	13 Februarie 2026	Eksodus 23:20-25	1 Konings 18:1-24	Spreuke 7:1-27	Handelinge 7:1-19
27-11	14 Februarie 2026	Eksodus 23:26-24:18	Jeremia 34:8-22 Jeremia 33:25-26		Handelinge 23:1-11 Hebreërs 10:28-39
19 T'rumah (Bydrae) – 28 Sh'van-4 Adar 5786 (15-21 Februarie 2026)					
28-11	15 Februarie 2026	Eksodus 25:1-16	1 Konings 18:25-46	Spreuke 8:1-36	Handelinge 7:20-36
29-11	16 Februarie 2026	Eksodus 25:17-30	1 Konings 19:1-21	Spreuke 9:1-18	Handelinge 7:37-60
30-11	17 Februarie 2026	Eksodus 25:31-26:14	1 Konings 20:1-21	Spreuke 10:1-32	Handelinge 8:1-17
1-12	18 Februarie 2026	Eksodus 26:15-30	1 Konings 20:22-43	Spreuke 11:1-31	Handelinge 8:18-40
2-12	19 Februarie 2026	Eksodus 26:31-37	1 Konings 21:1-29	Spreuke 12:1-28	Handelinge 9:1-22
3-12	20 Februarie 2026	Eksodus 27:1-8	1 Konings 22:1-28	Spreuke 13:1-25	Handelinge 9:23-43
4-12	21 Februarie 2026	Eksodus 27:9-19	1 Konings 5:12-6:13		Hebreërs 8:1-6
20 Tetzaveh (Jy moet beveel) – 5-11 Adar 5786 (22-28 Februarie 2026)					
5-12	22 Februarie 2026	Eksodus 27:20-28:12	1 Konings 22:29-53	Spreuke 14:1-35	Handelinge 10:1-16
6-12	23 Februarie 2026	Eksodus 28:13-30	2 Konings 1:1-2:25	Spreuke 15:1-33	Handelinge 10:17-33
7-12	24 Februarie 2026	Eksodus 28:31-43	2 Konings 3:1-27	Spreuke 16:1-33	Handelinge 10:34-48
8-12	25 Februarie 2026	Eksodus 29:1-18	2 Konings 4:1-24	Spreuke 17:1-28	Handelinge 11:1-30
9-12	26 Februarie 2026	Eksodus 29:19-37	2 Konings 4:25-44	Spreuke 18:1-24	Handelinge 12:1-25
10-12	27 Februarie 2026	Eksodus 29:38-46	2 Konings 5:1-27	Spreuke 19:1-29	Handelinge 13:1-17
11-12	28 Februarie 2026	Eksodus 30:1-10	Esegiël 43:10-27		Filippense 4:10-20
21 Ki tisa (Wanneer jy opneem) – 12-18 Adar 5786 (1-7 Maart 2026) (insluitend Purim)					
12-12	1 Maart 2026	Eksodus 30:11-31:17	2 Konings 6:1-33	Spreuke 20:1-30	Handelinge 13:18-34
13-12	2 Maart 2026	Eksodus 31:18-33:11	2 Konings 7:1-8:29	Ester 1:1-3:15	Handelinge 13:35-52
14-12	3 Maart 2026	Eksodus 33:12-16	2 Konings 9:1-37	Ester 4:1-7:10	Handelinge 14:1-28
15-12	4 Maart 2026	Eksodus 33:17-23	2 Konings 10:1-36	Ester 8:1-10:3	Handelinge 15:1-21
16-12	5 Maart 2026	Eksodus 34:1-9	2 Konings 11:12-21	Spreuke 21:1-31	Handelinge 15:22-41
17-12	6 Maart 2026	Eksodus 34:10-26	2 Konings 13:1-25	Spreuke 22:1-29	Handelinge 16:1-18
18-12	7 Maart 2026	Eksodus 34:27-35	1 Konings 18:1-39		2 Korinthiërs 3:1-18
22 Vayaq'hel (Hy het hulle bymekaar laat kom)/23 P'qudei (Berekening van) – 19-25 Adar 5786 (8-14 Maart 2026)					
19-12	8 Maart 2026	Eksodus 35:1-29	2 Konings 14:1-29	Spreuke 23:1-35	Handelinge 16:19-40
20-12	9 Maart 2026	Eksodus 35:30-37:16	2 Konings 15:1-38	Spreuke 24:1-34	Handelinge 17:1-15
21-12	10 Maart 2026	Eksodus 37:17-29	2 Konings 16:1-17:23	Spreuke 25:1-28	Handelinge 17:16-34
22-12	11 Maart 2026	Eksodus 38:1-39:1	2 Konings 17:24-41	Spreuke 26:1-28	Handelinge 18:1-28
23-12	12 Maart 2026	Eksodus 39:2-21	2 Konings 18:1-37	Spreuke 27:1-27	Handelinge 19:1-20
24-12	13 Maart 2026	Eksodus 39:22-43	2 Konings 19:1-37	Spreuke 28:1-28	Handelinge 19:21-41
25-12	14 Maart 2026	Eksodus 40:1-38	1 Konings 7:13-26 1 Konings 7:40-50		2 Korinthiërs 9:1-15 Hebreërs 9:1-14
24 Vayiqra (Hy het geroep) – 26 Adar-3 Aviv 5786 (15-21 Maart 2026)					
26-12	15 Maart 2026	Levitikus 1:1-13	2 Konings 20:1-21	Spreuke 29:1-27	Handelinge 20:1-16
27-12	16 Maart 2026	Levitikus 1:14-2:6	2 Konings 21:1-26	Spreuke 30:1-33	Handelinge 20:17-38
28-12	17 Maart 2026	Levitikus 2:7-16	2 Konings 22:1-20	Spreuke 31:1-31	Handelinge 21:1-21
29-12	18 Maart 2026	Levitikus 3:1-17	2 Konings 23:1-37	Job 1:1-22	Handelinge 21:22-40
1-1	19 Maart 2026	Levitikus 4:1-26	2 Konings 24:1-20	Job 2:1-13	Handelinge 22:1-30
2-1	20 Maart 2026	Levitikus 4:27-5:10	2 Konings 25:1-30	Job 3:1-26	Handelinge 23:1-19
